

Servikale kanker het meer aandag nodig

Rizwana Roomaney*

[Wêreldkankerdag](#), wat jaarliks op 4 Februarie gedenk word, herinner ons daaraan dat kanker steeds een van die vernaamste oorsake van sterftes wêreldwyd is. Vanjaar se tema is “[Close the Care Gap](#)” (Verklein die versorgingsgaping).

Een soort kanker wat nie altyd die aandag kry wat dit verdien nie, is [servikale kanker](#). Dit is die tweede algemeenste kanker onder vroue in Suid-Afrika. Die plaaslike voorkoms van servikale kanker is hoër as die globale gemiddelde en daar word gemeen dat dit algemener in ontwikkelende lande voorkom weens swak sifting vir premaligne selle.

Papsmere kan gebruik word om servikale kanker te diagnoseer, aangesien dit kanker- én premaligne selle opspoor. Hoewel papsmere vir almal beskikbaar is, toon data van ’n nasionale demografiese gesondheidsopname dat [so min as 35,5% vroue die toets ondergaan](#). Ons moet dringend sifting vir servikale kanker verhoog, aangesien opsporing van die grootste belang is om lewens te red.

Inligting oor kankers soos borskanker is al hoe vryer beskikbaar. Ons vind plakkate by klinieke, skole en ander plekke in die gemeenskap en ons sien dit op ons televisies en hoor daarvan op ons radio. Daar moet egter nog baie gedoen word om inligting oor ginekologiese kankers soos servikale kanker beskikbaar te stel en toeganklik vir die publiek te maak.

Ons het as deel van ons mees onlangse [navorsing](#) onderhoude met vroue gevoer wat genesende behandeling vir servikale kanker in openbare hospitale in die Wes-Kaap voltooi het. Ons het gevind dat hoewel hulle met die siekte gediagnoseer is en genesende behandeling ondergaan het, baie vroue nog steeds nie die siekte of die oorsaak daarvan behoorlik verstaan nie.

Servikale kanker is nie een van die kankers wat baie aandag in die openbare domein ontvang nie. Mense praat in fluisterstemme daaroor. Dit mag wees omdat dit ’n vroulike kanker is wat in die voortplantingstelsel voorkom en dus ’n taboe onderwerp is. Dit is nie iets waarvoor ons openlik praat nie.

Die probleem met die geheimhouding rondom servikale kanker is dat die regte inligting nie altyd gedeel word nie. Mans en vroue kan moontlik nie simptome van servikale kanker soos abnormale bloeding, swaar menstruele bloeding, vaginale afskeiding, lang bloeding en pyn en bloeding ná seksuele omgang identifiseer nie. Baie vroue wat aan ons navorsing deelgeneem het, het vir ons vertel dat hulle nie daarvan bewus was dat hierdie simptome wat hulle ondervind het, simptome van servikale kanker was nie.

Verder is hulle ook nie aangemoedig om hulp te soek toe hulle ander van hierdie simptome vertel het nie. Wat kommerwekkend is, is dat vir sommiges wat wel gaan hulp soek het, geneeskundiges nie hierdie simptome herken en hulle vir servikalekankersifting verwys het nie. Dit het hulle diagnose vertraag. Dit dui ook op tekortkominge in die verwysingsroete in primêre gesondheidsorg – ’n kwessie wat dringend opgelos moet word.

Nog ’n rede vir die geheimsinnigheid rondom servikale kanker hou met die stigma verband wat pasiënte ondervind wanneer hulle gediagnoseer word. Die meeste gevalle van servikale kanker word deur die [menspapilloomvirus](#) (MPV) veroorsaak. Dit is ’n algemene virus wat die meeste mense in die een of ander stadium aantast. MPV word vel-tot-vel-kontak oorgedra, asook deur liggaamlike

vloeistowwe en seksuele omgang. Dit stigma wat met servikale kanker verband hou, is hoofsaaklike weens hierdie manier van oordrag.

Pasiënte met wie ons gesels het, het aangedui dat hulle stigmas beleef het weens hulle servikale kanker. Sommiges het selfs gesê ander mense het hulle as promisku beskou. Die stigma wat met servikale kanker saamgaan, het daartoe gelei dat baie vroue hulle diagnose vir ander wegsteek. Deur dit te doen, het hulle hul toegang tot ondersteuning beperk in 'n tyd wat hulle dit die nodigste gehad het.

Hoewel daar verskeie veldtogte gehou word wat die sifting vir servikale kanker deur papsmere aanmoedig en baie inligting oor die [MPV-vaksien](#) versprei word, moet nog baie meer gedoen word om bewustheid oor die siekte te verhoog om vroue aan te moedig om hulp te soek wanneer hulle simptome ondervind en om gereeld getoets te word.

Plakkate by klinieke mag dalk nie genoeg wees om die boodskap tuis te bring nie. Net soos met borskanker, moet ons meer begin hoor van servikale kanker deur mediums soos die radio en televisie. Inligting moet ook in gemeenskappe deur gemeenskapsgebaseerde organisasies soos geloofsinstellings, sosiale klubs en sportklubs versprei word. Dit is ook belangrik dat die inligting toeganklik, maklik verstaanbaar en in alle amptelike tale beskikbaar is.

Toegang tot inligting is nie net belangrik om servikale kanker te voorkom en dit vroeg te diagnoseer nie. Inligting ná diagnose is net so belangrik. Pasiënte in ons navorsing het aangedui dat hulle bemagtig en minder angstig gevoel het oor die behandeling nadat hulle inligting oor hulle kanker ontvang het.

Dit is uiters belangrik dat ons openlik servikale kanker kan bespreek en ruimtes skep waar vroue oor aspekte van die siekte wat op hulle van toepassing is, kan praat – soos waar en wanneer hulle vir toetse kan gaan. Deur servikale kanker uit die skadu's te bring, mag ons dalk ook die stigma verbonde aan die siekte verminder. Dit kan tot 'n toename in toetsing lei en diegene met die siekte toelaat om meer openlik daaroor te wees en dus die ondersteuning en deernis te kry wat hulle nodig het.

**Dr Rizwana Roomaney is n senior dosent en navorsingsielkundige in die Departement Sielkunde aan die Universiteit Stellenbosch University. Robyn Williams en prof Hannah Simonds was medeskrywers vir hierdie navorsing.*